

Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Oktober 2022 Uitgawe 1

N3-opgradering bemaagtig Suid-Afrikaners



Die opgradering van die N3-hoofweg tussen Pietermaritzburg en Durban het in Januarie begin.

Foto verskaf deur Sanral.

Owen Mngadi

Mduzi Jijana is die eienaar van die Disability Empowerment Movement, een van die maatskappye wat tans voordeel trek uit die R26-miljard opgradering van die N3-hoofweg tussen Pietermaritzburg en Durban in KwaZulu-Natal.

Die projek, met die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap MSB Beperk (Sanral) aan die spits, verseker dat entrepreneurs soos Jijana nie net bevoordeel word nie, maar om die beurt ook werk vir ander skep.

Jijana, wat met 'n gestremdeheid leef, sê dat sy maatskappy padtekens tussen Hilton en Pietermaritzburg installeer.

Daar is 13 mense in sy diens en hulle sê dat die projek hul lewens verander het. "Ons het, as mense wat met gestremdeheid leef, getoon dat ons bekwaam is. Ons maak nie meer staat op toelae nie. Ons doen die werk," sê Jijana.

Programbestuurder van die Sanral N3-program, Tsepo Matekane, sê dat sy maatskappy verseker het dat die werk aan plaaslike maatskappye wat in staat is om verskeie dienste te lewer, toegeken is. Dit het baie geleentehede geskep vir klein ondernemings wat deur die jeug, voorheen benadeelde mense en vroue besit word.

"Daar is 108 klein-, medium- en mikro-ondernemings wat tans aan die verskeie projekte werk," sê hy.

'n Kontrak om grond te verskaf en waterdreineringspype te installeer is aan Nokuthula Zondi van Ingqalabutho Yamalinda Multipurpose Trading toegeken.

Sy sê dat haar maatskappy agt opgeleide werkers, waaronder drywers, in diens geneem het. Zondi voeg by dat vroue net so bekwaam soos mans is en dat haar maatskappy tot dusver 'n goeie diensrekord het.

"Ons besef hoe belangrik tyd is en bereik al ons teikens om te verseker dat die projek dien-ooreenkomstig voortgaan. Ons waardeer die geleentheid en ons hoop dat daar meer sal wees, sodat ons maatskappy volgens konstruksievlakke kan groei," voeg sy by.

Nasionale regering se sleutelprojekte

Matekane sê dat die Durban-Vrystaat-Gautengse logistieke en nywerheidskorridor-ontwikkeling 'n beraamde begroting van R26 miljard het en een van die nasionale regering se belangrike strategiese geïntegreerde projekte is. Dit staan as SIP2 bekend.

Die N3 sal, wanneer dit voltooi

Vervolg op bl. 2

Grandchicks thriving in poultry

Page 6

BLY VEILIG

WORD INGEËNT OM SUID-AFRIKA TE RED

SAAM KAN ONS DIE KORONAVIRUS OORWIN

Saving lives is all in a day's work for paramedic

Page 7

2030 NDP

Om Vuk'uzenzele te lees, laai die GOVAPP af by:

ANDROID APP ON Google play

Available on the App Store

Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS

Webwerfs: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Vuk'uzenzele @VukuzenzeleNews

E-pos: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0303

Tshedimotsetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

GRATIS NIE TE KOOP NIE

Vanaf bl. 1

is, breër wees met vier of vyf bane in elke rigting en sommige hoofwisselaars sal verander word om verkeersvloei te verbeter.

Die deel van die N3 wat die swaarste geraak is, het met tertyd, veral tydens spitsy, verkeersopeenhoping ervaar omdat die meerderheid van die vragtrkke vanaf Durbanhawe die hoofweg na Gauteng en ander binne-landse provinsies gebruik. 'n Beduidende aantal padongelukke kan ook toegeskryf word aan vragtrkbestuurders wat nie versigtig om skerp draaie ry nie.

“Die opgradering van die N3 sal verhoogde veiligheid tot gevolg hê, bo en behalwe die verligting van chroniese verkeer, deur meer mobiliteit te skep deur die bou van bykomende verkeersbane. Gevaarlike draaie sal uit-



■ Mduzi Jijana en Nokuthula Zondi is entrepreneurs wat, te danke aan die N3-opgradering, werk gekry het.



gestryk word. Onveilige kruisings sal herontwerp word,” sê Matekane.

Sanral het in die laaste kwartaal van 2021 drie kontrakte toegeken en bouwerk het tussen Januarie en April begin. Die gedeeltes wat tans opgegradeer word is die 19km-stuk van Cato Ridge na Dardanelles, wat algemeen as die Umlaaspad bekend staan; die 26.6km-deel van die Dardanelleswisselaar na Lynnfield Park; en die

30km-stuk van Lynnfield Park na die Ashburtonwisselaar.

Matekane verduidelik dat SIP2 die logistieke- en vervoerkorridor tussen Suid-Afrika se hoofnywerheidspilpunte sal versterk, toegang tot Durban se uitvoer- en invoerfasiliteite sal verbeter en doeltreffendheid regoor die korridor sal verhoog.

Hy voeg by dat die projek deel is van die nasionale ontwikkelingsplan 2030 en die nasionale vervoermeesterplan 2050, en dat dit die regering se

ekonomiese herkonstruksie- en herstelplan ondersteun.

Die regering beoog om hiermee 'n vervoerstelsel te ontwikkel wat strook met die werklike behoeftes van die mense wat in Suid-Afrika woon en wat voorsiening maak vir mense wat minder geld het om op vervoer te spandeer.

Matekane sê dat die opgraderings tussen agt en 10 jaar sal neem om te voltooi en dat padsluitings minimaal toege-

pas sal word. Hy voeg by dat motoriste ingelig gehou sal word van verkeersvertraginge en dat die vervoerowerhede van KwaZulu-Natal sal help om verkeersbeheer te handhaaf.

Sanral doen 'n beroep op motoriste om op alle waarskuwingstekens ag te slaan, hul spoed te verminder wanneer 'n bouterrein genader word en om ander padgebruikers in ag te neem. ①

Jolyte feit

Vervoermaand word in Oktober herdenk.

Die departement van vervoer en sy entiteite, soos Sanral, sal dié maand klem lê op hul projekte en programme op die gebiede van lugvaart, seevaart, openbare vervoer en paaie.

Alkohol kan jou ongebore baba se gesondheid skaad

Swanger vroue het die verantwoordelikheid om nie te drink nie, want alkohol kan 'n toestand veroorsaak wat 'n baba se ontwikkeling beïnvloed.

Dit is volgens die adjunkminister van maatskaplike ontwikkeling, Hendrietta Bogopane-Zulu, wat onlangs die 9-9-9 fetale alkoholspektrumversteuring (FASV) voorspraakprogram geloods het.

Die doel van die inisiatief is om gemeenskappe aan te moedig om te help om ongebore babas te beskerm deur mense in te lig, vroue wat tot swangerskap in staat is, oor die risiko van alkoholname terwyl iemand swanger is of borsvoed.

“Dis is belangrik vir alle



vroue wat swanger is en diegene wat gesonde babas in die lewe wil bring, om alkohol te vermy. Die skade wat deur FASV veroorsaak word, is permanent en onomkeerbaar; en kinders wat met dié versteuring gebore word, het fisiese en intellektuele probleme,” het adjunkminister Bogopane-Zulu by die bekendstelling gesê.

Sy het byvoeg dat Suid-Afrika bekend is vir drankprobleme, met die land wat onder die ergste in die wêreld ingedeel word vir sy vlakke van alkoholverbruik.

Adjunkminister Bogopane-Zulu het onlangs verskeie dele van die land besoek en vroue ingelig oor die risiko's van alkoholverbruik tydens swangerskap, as deel van die

9-9-9-FASV-veldtog.

Sy het, toe sy in Boitekong in Rustenburg in die Noordwes was, vir inwoners gesê dat die vlakke van alkoholmisbruik in die township kommerwekkend is.

Basetsana Tlang (28), 'n Boitekong-inwoner wat vier maande swanger is en een van die veldtogte bygewoon het, sê dat sy heeltemal opgehou het om alkohol te drink nadat sy uitgevind het dat sy swanger is en sê dat sy voorgeboortelike- en inligtingsessies by die kliniek bywoon. Sy het ander swanger vroue aangemoedig om onmiddellik op te hou om alkohol te drink en dwelms te gebruik.

Die adjunkminister het gewaarsku dat daar geen

spesifieke behandeling vir alkoholverwante versteurings is nie – die enigste manier om dit te voorkom is om alkoholiese drankies tydens swangerskap te vermy. Sy het swanger vroue wat sukkel om op te hou drink, aangemoedig om hul naaste kliniek te besoek om hulp te kry.

– SAnews.gov.za

Het jy geweet?

Sommige van die simptome van fetale alkoholsindroom behels:

- Gesigsabnormaliteite
- Leerprobleme
- Swak probleemoplossings-, koördinasie- en sosialiseringvaardighede
- Koppigheid
- Gedragsprobleme
- Kan nie konsentreer nie.



government communications

Department: Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production

Regomoditswe Mavimbela
Regomoditswe@gcis.gov.za

Acting Editor-in-Chief

Zanele Mngadi | Zanelemngadi@gcis.gov.za

Acting Managing Editor

Tendai Gonese | tendai@gcis.gov.za

News Editor

Noluthando Motswai

Writers: More Matshediso
Ursula Graaff

Graphic Designers

Tendai Gonese | Benny Kubjana

Production Assistants

Jauhara Khan | Sebastian Palmer

Language Practitioners

Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalatshe
Thandolunye Khulu | Mahanyele Ramapala



Vukuzenzele
is published by Government
Communications (GCIS)

Distributed by:

ON THE DOT

Printed by:

RISE AND SHINE PRINTERS

The material in this publication may be reproduced, distributed, or transmitted in any form or by any means, including photocopying, recording, or other electronic or mechanical methods, without the prior permission of the publisher on condition that this publication shall be credited as the source.



Die stryd om 'n meer menslike gesig aan SA te gee



Stephen Bantu Biko het op 12 September 1977 onder polisiebewaking in die Pretoria sentrale gevangenes gesterf.

Hy is menswaardigheid – die beginsel aan die kern van sy swartbewustheidsaktivisme – geweier. Sy dood was, in die woorde van die gesinsprokureur, Sir Sydney Kentridge, “’n haglike en eensame dood op ’n mat op ’n steenvloer in ’n tronksel”.

Dit bly steeds, na al die jare, ’n bron van groot hartseer as mens besef dat Steve Biko ’n skrale 30 jaar oud was toe hy oorlede is. Hy is in sy fleur neurgevel deur diegene wat die mag en resonansie van sy idees van selfbevryding en sy pogings om trots en waardigheid in swart mans en vroue in te boesem, gevrees en teengestaan het.

Hy kon nooit in sy leeftyd

die “skitterende prys”, soos wat hy dit genoem het, die verwesenliking van ’n ware menslikheid, sien nie. Hy is bekend daarvoor dat hy, toe hy oor sy ideaal gepraat het, gesê het: “Ons sal mettertyd in ’n posisie wees om aan Suid-Afrika die grootste geskenk moontlik te kan gee – ’n meer menslike gesig.”

Ons het verstaan dat die reg om te stem net een deel van ons stryd om menswaardigheid was toe ons in 1994 ons vryheid verwerf het.

Na 28 jaar se demokrasie staar ons steeds baie uitdagings in die gesig, insluitend armoede, werkloosheid en ongelykheid. Die gevolg is dat ons dikwels uit die oog verloor hoe ver ons gekom het om uiting te gee aan die beleide waarop ons Grondwet gegrond is en wat Steve Biko se denke en leer

geanker het.

’n Hartelose regime het in 1977 een van ons land se mees belowende leiers doodgemaak deur hom te ontnem van kos, water en mediese behandeling wat hy as gevolg van brutale aanrandings deur die apartheidspolisie dringend benodig het.

Die Grondwetlike Hof het 20 jaar later, in 1997, gesê dat die vervulling van elke burger se fundamentele regte en die strewe na die bereiking van hul sosio-ekonomiese regte die kenmerk van ’n demokratiese samelewing is wat daarna streef om verlore waardigheid te herwin.

Ons werk steeds vandag in Suid-Afrika daaraan om elke Suid-Afrikaner se basiese regte na te kom sodat hulle ’n bestaan met hoë lewensgehalte, sonder

siekte, honger en onthouding, kan lei.

Opeenvolgende demokratiese administrasies het beleide in werking gestel om die verlore waardigheid van dié land se meerderheid te herwin deur onderwys, gesondheidsorg, behuising en basiese dienste te verskaf.

Behoorlike onderwys is ’n fundamentele reg in hedendaagse Suid-Afrika. Die staat belê in vroeë kinderontwikkeling, die ondersteuning van leeruitkomstes van ons jongste burgers en verskaf maatskaplike verligting deur skoolvoedingsprogramme om te verseker dat jong leerders die beste moontlike uitkomst kan behaal.

Duisende jong Suid-Afrikaners vanuit arm agtergronde was in staat om – deur die nasionale studentefinansieringshulpskema en verskeie ander vorme van staatsteun – hul as dokters, prokureurs, onderwysers, wetenskaplikes, vakmanne en entrepreneurs te bekwaam.

Die regering ondersteun arm en kwesbare burgers deur ’n uitgebreide maatskaplike veiligheidsnet en verskaf werksgeleenthede deur massa openbare indiensnemingsprogramme.

Vryheid van spraak was in die onderdrukkende Suid-Afrika waar Steve Biko oorlede is, beperk en politieke aktivisme het na aanhouding, of selfs erger, geleë.

Jongmense van dieselfde ouderdom en selfs jonger as wat Steve Biko was, staan vandag in Suid-Afrika aan die spits van aktivisme vir sake wat hulle na aan die hart lê; hulle kan sonder

teistering of ballingskap byeen kom. Vryheid van spraak en vereniging, die reg om te betoog en die reg tot gelykheid ingevolge die wet word vir almal gehandhaaf.

Ons het, as land, ver gevorder ten opsigte van die vervulling van menswaardigheid, die beleid wat Steve Biko op prys gestel het. Ons het egter steeds ’n lang pad wat voorlê.

Miljoene Suid-Afrikaners het steeds nie ’n huis, elektrisiteit of lopende water nie, is steeds nie grondeienaars nie, en is steeds sonder vaardighede of geleenthede. Dit is waarom die regering saam met maatskaplike vennote werk om ’n inklusiewe ekonomie te bou, indiensneming te skep, ondernemings in staat te stel om te floreer en armoede en hongersnood te takel.

Wanneer ons aan die beduidenis van Steve Biko se lewe en nalatenskap dink, dink ons terug aan sy kragtige beroep op die mense om argitekthe van hul eie bevryding te wees. Dié oproep is vandag net so belangrik as wat dit destyds was.

Ons moet daarop fokus om ons uitdagings aan te spreek om werklik ’n vrye en gelyke samelewing te skep. Ons moet almal ons deel doen deur die fundamentele regte in ons Grondwet te gebruik om ’n Suid-Afrika sonder armoede en hongerte, onderontwikkeling, misdaad en geweld, te skep.

Kom ons stap voort, soos wat Steve Biko aangespoor het, met dapperheid en vasberadenheid oor ons gedeelde soektog na ware menslikheid. **U**